# *Die* BELOOFDE MESSIAS

Hoe Jesus die Vervulling van God se Beloftes is

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*DIE BELOOFDE MESSIAS : HOE JESUS DIE VERVULLING VAN GOD SE BELOFTES IS*

Kopiereg © 2023 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Die Beloofde Messias : Hoe Jesus die Vervulling van God se Beloftes is* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

# INHOUD


*003* **WELKOM**

*004* **INLIGTING OOR LGG**

*005* **ONS MISSIE**

*006* **SOAP BYBELSTUDIE METODE**

*009* **GETUIENIS**

*010* **WÊRELDWYE BEDIENING**

*011* **KEN HIERDIE WAARHEDE**

*014* **INLEIDING**

*015* **LEESPLAN**

*017* **DOELWITTE**

*018* **WEEK 1**

*041* **WEEK 2**

*065* **WEEK 3**

*088* **WEEK 4**

*112* **SLUIT BY ONS AAN**

*113* **VIR JOU**

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

# WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos ‘n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien.  Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

## OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir “Love God Greatly” om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.


Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).

*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

## SOAP
*Bybelstudiemetode*



**SOAP**
WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP** / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

A
STAAN VIR
APPLICATION
(TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*



APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

P
STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Setswana Tak*

In Julie 2020 het 'n vriendin my tydens ons gesprek ná kerk gevra watter tale ek praat. Sy het my toe vertel van Love God Greatly en gevra of ek belang sou stel om Bybelstudies vir vroue in Setswana te vertaal. Ek was mal oor die idee, om 'n aantal redes. Ek was 'n werkende ma wat op onbetaalde verlof in 'n vreemde land gewoon het. Ek het pas my tydelike onderwyspos weens COVID-19 verloor. Nie net dit nie, ons was veronderstel om vroeër daardie jaar terug te trek huis toe, maar as gevolg van die reisbeperkings moes ons in Hongarye bly.

Voordat ons na Hongarye verhuis het, het ek gewerk en was ek altyd besig. Alhoewel ek die tyd saam met my gesin tydens my verlof waardeer het, het ek onvervuld gevoel. Behalwe om Sondae kerk toe te gaan en af en toe pligte te verrig, was daar nie veel vir my om te doen nie. Die taalhindernis het dit nie maklik gemaak om deel van die gemeenskap te word nie. Dit was nogal 'n eensame plek.

Om Bybelstudies te vertaal het vir my 'n doel en hoop gegee. Daar was nou uiteindelik iets, buiten huistake, wat ek kon doen wat my verstand sou stimuleer en my help groei in Christus. Om te vertaal het my hart bedien. Ek is mal oor die eenvoud waarmee die Woord van God in die Bybelstudies verduidelik word, en ek het ook soveel na die vertaling uitgesien, dat dit nie na werk gevoel het nie. Ek het ook uitgesien na die gemeenskap wat geskep is deur die kuiers saam met LGG vroue regoor die wêreld.

## *OM TE VERTAAL HET MY HART BEDIEN*

Ek is gaande daaroor om vrywilligerswerk vir LGG te doen, omdat ek vroue van regoor die wêreld ontmoet wat God liefhet. Ek word ook toegerus met verskeie hulpmiddels om in my kennis van God te groei. Ek het die lesse oor leierskap waardeer toe ek redelik nuut was, en ek het die versekering ontvang dat ek in staat is om ons tak te lei, ten spyte van my onsekerhede. Die Bybelstudies self kom net op die regte tyd, is relevant en bemoedigend. Ek is dankbaar vir hierdie wonderlike seëning!

Onalenna

*Setswana Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Setswana Tak*

KEN JY IEMAND VIR WIE ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES NUTTIG SOU WEES?

Indien wel, vertel hulle gerus van die wonderlike Bybelstudiebronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: ask@lovegodgreatly.com

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

•Dat die tak sal groei!

•Vir meer vrywilligers om te help met die vertaling en ander take.

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

### *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

### *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

### *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

## DIE BELOOFDE MESSIAS

*Hoe Jesus die Vervulling van God se Beloftes is*

# Inleiding

Waarom maak God beloftes? Ons maak dikwels beloftes wat ons nie kan nakom nie en ons is al almal seergemaak deur verbreekte beloftes. Dit is maklik om te begin wonder of dit die moeite werd is om enige belofte te glo.

***Maar God is anders. Wanneer Hy 'n belofte maak, het Hy alreeds 'n plan om dit na te kom.***

God maak nooit 'n belofte wat Hy nie van plan is om na te kom nie, veral wanneer dit kom by ons ewige verlossing. God maak baie beloftes, beloftes om ons bemoedig, te seën, toe te rus, te dissiplineer en vir ons te sorg. Hy maak beloftes wat vir ons hoop, doel en betekenis gee.

Hy is 'n Beloftehouer.

Die grootste belofte wat Hy gemaak het was om 'n Messias, 'n Redder te stuur wat sy mense van sonde en dood sou red. Hierdie Messias sou op 'n spesifieke tyd in die geskiedenis gekom het om alles wat God oor Hom gesê het, te vervul.

Toe God 'n belofte gemaak het om 'n Messias te stuur om sy mense van sonde te red, het Hy reeds 'n plan gehad om dit te doen. God het nie net een belofte gemaak om 'n Messias te stuur nie, maar Hy het ook baie beloftes aan sy mense gemaak oor hoe Hy dit sou doen. Hy het nie net vir sy mense laat weet dat die Messias gaan kom nie, maar ook hoe Hy in die wêreld sou kom en wat Hy sou doen, sodat hulle geweet het waarvoor om uit te kyk.

Terwyl ons hierdie Adventseisoen ons harte voorberei om Kersfees te vier, kom ons fokus op God se vervulde beloftes. Hy het belowe om 'n Messias te stuur en Hy het elke enkele belofte wat Hy gemaak het oor die Messias nagekom. Jesus, die Christus-kind, het gekom as 'n baba en opgegroei tot 'n man, 'n man wat ten volle God en ten volle mens was, 'n man wat God se mense sou red van sonde en dood as die vervulling van God se grootste belofte.

***Ons God is 'n Beloftehouer.***

Ons God is 'n Beloftehouer. Al sy beloftes is "ja" and "amen" in Christus! Jesus, die grootste belofte vervul, is ons Messias, ons Verlosser, ons Hoop en ons Vrede.

Merk dit af

## LEESPLAN

### WEEK 1 / DIE KONING KOM

- ○ *Maandag / 'n Kind is Gebore*
  Lees: Jesaja 8:23–9:6
  SOAP: Jesaja 9:5–6
- ○ *Dinsdag / Die Beloofde Boodskapper*
  Lees: Jesaja 40:1–3; Maleagi 3:1; Markus 1:1–13
  SOAP: Markus 1:2–3
- ○ *Woensdag / Die Seun van Dawid*
  Lees: 2 Samuel 7:8–13; Psalm 110:1; Matteus 1:1–17; 22:41–45
  SOAP: Matteus 22:42
- ○ *Donderdag / Wonderbaarlike Geboorte*
  Lees: Hosea 11:1; Miga 5:2; Matteus 2:5–6, 14–15
  SOAP: Matteus 2:6
- ○ *Vrydag / Naam bo Elke Naam*
  Lees: Jesaja 7:14; Matteus 1:18–25; Filippense 2:6–11
  SOAP: Filippense 2:8–11

### WEEK 2 / DIE LYDENDE DIENAAR

- ○ *Maandag / Oor Ons Oortredings*
  Lees: Jesaja 52:13–53:12
  SOAP: Jesaja 53:5
- ○ *Dinsdag / Vir Ons Verlaat*
  Lees: Psalm 22:1; Matteus 26:55–56; 27:46; 2 Korintiërs 5:21
  SOAP: 2 Korintiërs 5:21
- ○ *Woensdag / Ons Volmaakte Offer*
  Lees: Levitikus 16; Hebreërs 10:1–12
  SOAP: Hebreërs 10:10–12
- ○ *Donderdag / Neem ons Lyding*
  Lees: Jesaja 53:4; Matteus 8:14–17; Johannes 9:1–7; 2 Korintiërs 12:9–10
  SOAP: Jesaja 53:4
- ○ *Vrydag / Die Laaste Vyand*
  Lees: Job 19:25; Lukas 24:1–10; Jesaja 26:19; Johannes 5:24–29;
  1 Korintiërs 15:20–26
  SOAP: Job 19:25

## WEEK 3 / DIT IS VOLBRING

- *Maandag / Die Goeie Herder*
  Lees: Psalm 23; Lukas 15:3–7; Johannes 10:11
  SOAP: Johannes 10:11
- *Dinsdag / Die Beloofde Koning*
  Lees: Jesaja 9:7; Sagaria 9:9; Lukas 1:32–33; Matteus 2:1–2; Johannes 12:12–13; Matteus 27:37
  SOAP: Lukas 1:32–33
- *Woensdag / Alle Nasies*
  Lees: Genesis 12:3; 22:18; Psalm 72:17; Galasiërs 3:6–16
  SOAP: Galasiërs 3:8–9
- *Donderdag / Opgevaar bo die Hemelruimtes*
  Lees: Psalm 68:19–21; Lukas 24:50–53; Efesiërs 4:8–10; Hebreërs 1:3
  SOAP: Efesiërs 4:10
- *Vrydag / Hy Sal Weer Kom*
  Lees: Hebreërs 9:27–28; Matteus 24:30–31; Johannes 14:1–3
  SOAP: Johannes 14:1–3

## WEEK 4 / GLO DIE BELOFTE

- *Maandag / Ja en Amen*
  Lees: 2 Korintiërs 1:19b–20
  SOAP: 2 Korintiërs 1:19b–20
- *Dinsdag / Die Groot Verlossingsplan*
  Lees: Lukas 1:1–25
  SOAP: Lukas 1:25
- *Woensdag / Loof die Here*
  Lees: Lukas 1:26–56
  SOAP: Lukas 1:46–49
- *Donderdag / Selfs in Ongeloof*
  Lees: Lukas 1:57–80
  SOAP: Lukas 1:68–71
- *Vrydag / Voltooide Beloftes*
  Lees: Lukas 2:1–52
  SOAP: Lukas 2:10–12

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

*TWEE*

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

*DRIE*

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

*Vir ons is 'n*
*Seun gebore,*
*aan ons is 'n*
*Seun gegee;*
*Hy sal heers,*
*en Hy sal*
*genoem word:*
*Wonderbare*
*Raadsman,*
*Magtige God,*
*Ewige Vader,*
*Vredevors.*

*Jesaja 9:5*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Die doel van hierdie studie is om ons harte voor te berei vir Kersfees deur te fokus op Jesus en alles wat Hy vir ons gedoen het. Sy geboorte was die begin van die vervulling van God se belofte om 'n Verlosser te stuur om ons van sonde en dood te red. Maak hierdie week tyd om stil te sit by God en vra Hom om in hierdie seisoen vir jou meer te wys wie Hy is.*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Jesaja 8:23-9:6*

Maar in die land waar daar duisternis is, sal daar nie langer donkerte wees nie.
In die verlede het die Here die gebiede Sebulon en Naftali verneder, maar in die
toekoms sal Hy die pad na die see van Galilea toe, die Jordaanstreek en die gebied
van die heidene in ere herstel. 1 Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot
lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn. 2 U het dié wat
nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydskap groot gemaak. Hulle het
hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle
juig wanneer hulle die buit verdeel. 3 Soos die dag toe Midian verslaan is, het U
die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is,
waarmee hulle gedryf is. 4 Elke soldateskoen wat in die oorlog gebruik is, en elke
uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word.
5 Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal
genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. 6
Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op
die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig
en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal
die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Jesaja 9:5–6*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

### SOAP

*Jesaja 9:5–6*

*Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.*

### OORDENKING

Wie is Jesus? Baie van ons, indien nie almal van ons nie, het al hierdie vraag bepeins. Waarom is Hy so 'n belangrike persoon? Was Hy meer as 'n historiese figuur, 'n goeie man, 'n filantroop of 'n rabbi? Waarom volg soveel mense Hom steeds?

Hetsy ons nog nooit hierdie vrae gevra het en of ons ons geloof in Jesus geplaas het, ons moet weet en verstaan wie Hy is. Ons antwoord op hierdie vrae bepaal nie net ons lewens nie, maar ook ons ewigheid.

Toe sonde in die wêreld gekom het, is ons verhouding met God verbreek. God het ons egter nie in 'n gebroke toestand gelos nie. Inteendeel, Hy het 'n plan gemaak om ons te red van die straf wat ons verdien, die dood wat ons sal sterf as gevolg van hoe ons aan Hom ongehoorsaam was. Daardie plan was Jesus. Van die begin af het God beplan om sy enigste Seun na die aarde toe te stuur om ons te red. God het belowe dat sy Seun op net die regte tyd sal kom en dat Hy lig uit die donkerte sou bring.

God het voortdurend beloftes gemaak om sy mense te laat weet dat 'n redder aan die kom was. Hy het hulle nie sonder hoop gelaat nie. Om die waarheid te sê, daar is meer as drie-honderd profesieë in die Ou Testament oor hierdie komende verlosser. Die mense het geweet vir wie om op die uitkyk te wees. Hulle het die beloftes wat God deur die geskiedenis aan hulle gemaak het, geglo. Hy sou 'n Wonderbare Raadsman, 'n Magtige God, 'n Ewige Vader en 'n Vredevors wees.

Hierdie Vredevors sou egter die wêreld binnekom soos elke ander mens—klein, kwesbaar en volkome hulpeloos. Hierdie Koning sou na die wêreld toe kom as 'n baba, en tog sou Hy God wees. Wat 'n ongelooflike, verwarrende plan. As hierdie redder moes red, waarom sou Hy na die aarde toe kom as 'n baba, volkome nie by magte om Homself te red of te help nie.

God het Jesus na ons gestuur as ons redder en al die beloftes wat Hy gemaak het oor wie Jesus sou wees en wat Hy sou doen, is vervul. Ongeag of ons al 'n honderd keer, of vandag vir die eerste keer gevra het: "Wie is Jesus?" kan ons met vertroue weet dat Hy die vervulling van God se beloftes is.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Jesaja 40:1-3*

Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê. 2 Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby, hy het geboet vir sy sonde, hy het van die Here die volle straf ontvang vir al sy sondes. 3 Iemand roep: "Maak vir die Here 'n pad in die woestyn, maak in die barre wêreld 'n grootpad vir ons God!"

*Maleagi 3:1*

Ek gaan nou my boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na wie julle soek, skielik na sy tempel toe kom. Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here die Almagtige.

*Markus 1:1-13*

Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só: 2 In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe: "Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak. 3 Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit. " 4 Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree. Hy het verkondig: Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe. 5 Die hele landstreek van Judea en al die inwoners van Jerusalem het na hom toe gestroom. Hulle het hulle sondes bely en is deur hom in die Jordaanrivier gedoop. 6 Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe. 7 Hy het gepreek en gesê: "Die Een wat ná my kom, is my meerdere. Ek is nie eers werd om te buk en sy skoene los te maak nie. 8 Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop." 9 Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. 10 Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. 11 Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My." 12 Net daarna het die Gees Hom weggevat die woestyn in, 13 waar Hy veertig dae lank gebly het en deur die Satan versoek is. Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het Hom versorg.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

SOAP / *Markus 1:2–3*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

### SOAP

*Markus 1:2–3*

*In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe: "Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak. Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit."*

### OORDENKING

God het belowe om 'n verlosser te stuur. Wanneer mense gesondig het, het Hy ons nie gelos om die straf op ons eie te betaal nie. Hy het beloof om 'n Messias, 'n Gekose Een een te stuur wat 'n perfekte, sondelose lewe sou leef en wat die straf wat ons verdien het, op Hom sou neem.

Vir eeue het God se mense gewag vir hierdie Messias. Somtyds het hulle God gevolg en somtyds het hulle hul eie weg gegaan. Maar ongeag hoe erg hulle gesondig of van God af weggehardloop het, sy belofte het nooit verander nie. 'n Messias was aan die kom, ongeag van hoe gebroke, sondig of hulpeloos God se mense was.

God het ook belowe om sy mense voor te berei vir die komende Messias. Hy wou hê dat sy mense gereed moes wees om die Messias te herken wanneer Hy kom, dus het God gesê dat Hy 'n boodskapper vooruit sou stuur. Hierdie boodskapper sou die mense waarsku oor hoe naby die koms van die Messias was en aan hulle verkondig om te bekeer en hulle harte terug te keer na God.

God het deur die profete Jesaja en Maleagi gespreek om sy mense te laat weet dat hierdie boodskapper sou kom in die woestyn en dat hy die mense sal laat weet wanneer die Messias sou kom en wie Hy was. 'n Man met die naam Johannes was daardie boodskapper.

Johannes se vader was 'n priester. Hy was 'n belangrike man, baie bekend in die gemeenskap en tussen die ouderlinge van Jerusalem. Johannes was anders; hy het in die woestyn gebly en sprinkane en veldheuning geëet. Maar hy was God se boodskapper. Hy het uitgeroep vanuit die woestyn en baie mense het na die woestyn gekom om sy boodskap te hoor en gedoop te word.

Johannes was die vervulling van God se belofte. Johannes was nie die Messias nie, maar hy was die boodskapper wat aan God se mense aangekondig het dat hulle Messias gaan kom.

God het nie nodig gehad om sy mense te laat weet wat Hy sou doen nie. Hy kon sy Messias na hulle toe gestuur het sonder waarskuwing. Maar hulle harte moes voorberei word sodat hulle gereed sou wees om die Messias te ontvang. God berei ons altyd voor vir dít wat Hy vir ons het—of dit beproewings of seëninge is, of om Jesus vir die eerste keer te ontmoet. God hou altyd sy beloftes en ons kan op sy perfekte tydsberekening vertrou.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*2 Samuel 7:8-13*

"Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die weiveld agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers. 9 Oral waar jy gegaan het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde. 10 Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen 11 toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. Ek sal jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig. 12 Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. 13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.

*Psalm 110:1*

Die Here het vir my heer die koning gesê: "Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp.

*Matteus 1:1-17*

Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham: 2 Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob van Juda en sy broers; 3 Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, Peres van Gesron, en Gesron van Ram; 4 Ram was die vader van Amminadab, Amminadab van Nagson, en Nagson van Salmon; 5 Salmon was die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van Isai; 6 Isai was die vader van koning Dawid. Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija; 7 Salomo was die vader van Rehabeam, Rehabeam van Abia en Abia van Asa; 8 Asa was die vader van Josafat, Josafat van Joram, en Joram van Ussia; 9 Ussia was die vader van Jotam, Jotam van Agas, en Agas van Hiskia; 10 Hiskia was die vader van Manasse, Manasse van Amon, en Amon van Josia; 11 Josia was die vader van Jojagin en sy broers. Toe is die volk weggevoer na Babilonië toe. 12 En na die Babiloniese ballingskap was dit so: Jojagin was die vader van Sealtiël, en Sealtiël van Serubbabel; 13 Serubbabel was die vader van Abihud, Abihud van Eljakim, en Eljakim van Asor; 14 Asor was die vader van Sadok, Sadok van Agim, en Agim van Elihud; 15 Elihud was die vader van Eleasar, Eleasar van Mattan, en Mattan van Jakob; 16 Jakob was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word. 17 Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus.

*Matteus 22:41-45*

Toe die Fariseërs bymekaar was, vra Jesus vir hulle: 42 "Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?" "Dawid s'n," antwoord hulle Hom. 43 Hy sê toe vir hulle: "Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan 'Here' genoem? Hy sê tog: 44 "'Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.' 45 "As Dawid self Hom 'Here' noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees?"

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP /** *Matteus 22:42*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP**

*Matteus 22:42*

*"Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?"*
*"Dawid s'n," antwoord hulle Hom.*

**OORDENKING**

Dawid word gesien as Israel se grootste koning. Hy word 'n man na God se hart genoem. Dit is duidelik dat God vir Dawid lief was, selfs al het Dawid dikwels in sy lewe in sondige patrone verval. Dawid se hart was ten volle aan God toegewy en hy het God gevolg en aanbid en wanneer hy foute gemaak het, van sy sonde bekeer.

God het Dawid beloof dat daar altyd een van sy nageslag op die troon sal sit in Israel. Hierdie belofte het niks te doen gehad met Dawid of iets wat hy gedoen het nie; dit was alles as gevolg van God se getrouheid en goedgunstigheid aan hom. Selfs al het Dawid se nageslag baie foute gemaak en van God af weggedraai, het God sy belofte aan Dawid gehou en sy bloedlyn bewaar. Teen die tyd wat Jesus gebore is was daar geen nasaat van Dawid wat oor Israel geheers het nie, maar God se plan was om 'n nuwe koninkryk deur Jesus te vestig.

Die Jode het noukeurige geslagsregisters gehou en hierdie geslagsregisters het gewys dat Jesus 'n direkte afstammeling van Koning Dawid was. Jesus het nie gekom om dieselfde tipe koninkryk te vestig as waaroor Dawid geheers het nie, maar een wat ewig sou wees. Hierdie hemelse koninkryk lyk anders omdat die Koning van hierdie koninkryk nie op 'n aardse troon gesit het nie.

Dawid het God se belofte om 'n Messias te stuur, geglo. Of hy verstaan het dat die Messias een van sy direkte nasate sou wees is nie duidelik nie. Wat Dawid egter geglo het was dat hierdie Messias Here sou wees en dat hy eendag sou neerbuig en Hom dien.

God het ongelooflike beloftes gemaak oor die Messias. God het hierdie beloftes gehou, selfs beloftes wat afhanklik was van die keuses van gewone mense. God het Dawid se familielyn beskerm en bewaar sodat die Messias uit 'n koninklike bloedlyn sou kom. Selfs al was baie, baie mense betrokke in die vervulling van die belofte, kon niks God se plan op 'n dwaalspoor bring nie. Hy is getrou, ongeag van hoe lank dit neem. Hy het sy belofte aan Dawid gehou dat een van sy nasate vir ewig op die troon sal sit en Hy het sy belofte aan al sy mense gehou om 'n Messias te stuur wat ons van ons sonde sou red.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Hosea 11:1*

Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit Egipte geroep.

*Miga 5:1*

Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede!

*Matteus 2:5-6*

Hulle het hom geantwoord: "In Betlehem in Judea, want so is dit deur 'n profeet geskrywe: 6 "En jy, Betlehem, gebied van Juda, jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie. Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees. "

*Matteus 2:14-15*

Josef het toe opgestaan en in die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte toe vertrek 15 en daar gebly tot die dood van Herodes. So is vervul wat die Here deur 'n profeet gesê het: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep."

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

SOAP / *Matteus 2:6*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

### SOAP

*Matteus 2:6*

*"En jy, Betlehem, gebied van Juda, jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie. Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees."*

### OORDENKING

Die omstandighede rondom Jesus se geboorte was niks anders as wonderbaarlik nie. Die tydsberekening, plek en gebeure wat plaasgevind het, was lank voordat Jesus verwek is, deur God bepaal.

Die profeet Miga het getuig dat God 'n koning uit Betlehem sou laat voortkom. Al was Juda een van die kleinste stamme en Betlehem een van die kleinste dorpies, het God 'n ongelooflike plan gehad om Betlehem te seën. Israel se grootste koning, Dawid, was van Betlehem afkomstig, en God sou nog 'n Koning, een veel groter as Dawid, uit Betlehem laat voortkom. Hierdie Koning sou God se volk oppas en hulle lei.

Miga sê die heerser wat uit Betlehem sou kom, se oorsprong lê in die verre verlede. Hoewel Jesus se aardse lewe in Betlehem begin het, is Hy die Oue van Dae. Betlehem het 'n belangrike rol gespeel in die vervulling van die profesie van die Messias. Toe die Magi, wat heidene op soek na die Messias was, in Jerusalem aankom en by die Joodse geleerdes navraag doen, het hulle uitgevind—gegrond op hierdie profesie van Miga—dat Hy van Betlehem sou kom. Al het Hy in Nasaret grootgeword, was Jesus se geboorteplek van betekenis en deel van God se plan in die verlossingsgeskiedenis.

Hosea se verwysing na God wat sy Seun uit Egipte geroep het, dui op die tyd toe God die volk Israel uit slawerny in Egipte gebring het. Hierdie gedeelte is nie as 'n Messiaanse profesie beskou nie maar eerder as 'n herinnering aan God se liefde vir sy volk.

En tog, net soos God die Israeliete uit Egipte gebring het, het God Jesus uit Egipte gebring nadat Hy as klein kindjie soontoe gevlug het om aan Herodus te ontkom. Matteus het die patrone van God se werk in sy Evangelie uitgelig, met die insluiting van hierdie geval waar God Israel uit Egipte gebring het om sy verbond met hulle te vestig. Dit was 'n voorafskaduwing van hoe Hy weer sy Seun uit Egipte sou bring om die eerste verbond te vervul en die nuwe verbond te bekragtig.

God het op magtige, ongelooflike maniere gewerk ter voorbereiding van sy koms as 'n mens na ons wêreld. Sy hand was in elke detail en het eeue lank in elke omstandigheid gewerk om sy plan te volvoer. Dit is ons God. Hy werk op maniere wat ons nie kan sien nie, en dalk nooit sal sien nie. Ons sal dalk nooit die volle omvang weet van wat Hy agter die skerms doen nie, maar ons kan daarvan seker wees dat Hy altyd aan die werk is.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*Jesaja 7:14*

Die Here sal daarom self vir julle ‘n teken gee: ‘n Jong vrou sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.

*Matteus 1:18-25*

Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom. 19
Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing
stilweg te verbreek. 20 Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar ‘n engel van die Here in ‘n droom aan hom verskyn en gesê: “Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die
Heilige Gees. 21 Sy sal ‘n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem,
want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” 22 Dit het alles gebeur
sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: 23
“Die maagd sal swanger word en ‘n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom
Immanuel noem.” Die naam beteken God by ons. 24 Toe Josef uit die slaap
wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met
haar getrou. 25 Hy het egter nie met haar omgang gehad voordat sy haar Seun in die wêreld gebring het nie. En Josef het Hom Jesus genoem.

*Filippense 2:6-11*

Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou
as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe
Hy as mens verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam
tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. 9 Daarom het God Hom ook tot die
hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die
Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is,
die knie sou buig, 11 en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Filippense 2:8–11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

### SOAP

*Filippense 2:8–11*

*En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.*

### OORDENKING

God het belowe om 'n Messias te stuur wat aan sy naam herken sou word. Jesaja het voorspel dat hierdie Messias regverdig en uit die geslag van Dawid sou wees en lig en vrede vir God se volk sou bring. Hierdie Messias sou uit 'n maagd gebore word, deur die Heilige Gees verwek word, want Hy is God wat vlees geword het.

Die Messias sou "Immanuel" genoem word wat "God met ons" beteken. Jesus se naam beteken "Jahwe is verlossing" of "Jahwe red". God het sy voorneme getoon om by die mensdom te kom bly en mens te word om ons van sonde te red.

Toe Jesus die heerlikheid van die hemel verlaat het om na ons gebroke wêreld te kom, het Hy Homself verneder. Nie van sy goddelikheid nie, maar van sy voorregte as God. Jesus, die ewige Seun van God, was bereid om 'n menslike natuur aan te neem, en al die pyn, frustrasies en beproewings van ons gevalle wêreld te betree. Hy het Homself verneder deur Hom aan die Vader se wil te onderwerp.

Jesus se gehoorsaamheid het verder gegaan as om as mens te leef, selfs so ver as sy grusame dood. Hy is verneder en gehaat en vermoor deur die einste mense wat Hy kom red het. Tog het God Hom juis daarom tot die hoogste eer verhef.

Jesus se naam is verhoog bo elke ander naam. Eendag sal elkeen, of hulle in Hom geglo het of nie, voor Hom neerbuig. Elke persoon sal erken en verklaar dat Hy die Here is. Sy naam is verhoog en sal tot in alle ewigheid verhoog wees omdat Hy die God is wat red. Hy is God met ons.

Watter ongelooflike God dien ons nie! Hy was bereid om Homself heeltemal te verneder om ons te red. Hy het sy plek in die hemel verlaat sodat ons 'n verhouding met Hom kan hê. Hy het alles gegee sodat ons alles kon verkry. Sy naam is vir ewig verhoog, vir ewig ons lof waardig.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Wie is Jesus? Hoekom is Hy so 'n belangrike persoon? Hoekom volg so baie mense Hom vandag nog?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

2. *God berei ons altyd voor vir wat Hy vir ons het – of dit nou beproewings is, seën, of om Jesus vir die eerste keer te ontmoet. Hoe werk God vandag in jou om jou voor te berei vir wat voorlê?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

3. *God het 'n verbond met Dawid gesluit waarin Hy beloof het om sy naam groot te maak, en om Dawid se koninkryk vir ewig te vestig. Hoe toon die geslagsregister wat in Matteus 1 opgeteken is dat God hierdie belofte vervul het?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

4. *Advent is 'n seisoen van wag. Waarvoor wag jy vir God om vir jou te doen in hierdie seisoen? Kan jy Hom sien werk? Hoe troos dit jou om te weet dat Hy altyd aan die werk is, ongeag wat jy kan of nie kan sien nie?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

5. *Waarom was dit betekenisvol dat Jesus Homself verneder het om ons te red? Hoe kan ons toonbeelde van sy nederigheid wees, veral in hierdie Adventseisoen?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

*Ek weet*
*dat my*
*Losser leef,*
*uiteindelik*
*sal Hy op*
*die aarde*
*triomfeer!*

*Job 19:25*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Terwyl dit die geboorte van Jesus is wat ons met Kersfees vier, kan ons nie sy geboorte skei van dít wat Hy kom doen het nie. Hy het 'n volkome sondelose lewe gelei en toe het Hy Homself geoffer om vir ons sonde te betaal. Jesaja 53 praat oor die Lydende Dienaar. Lees Markus 10:45. Wat was Jesus se doel om aarde toe te kom? Hoe stem die woorde van Jesaja ooreen met hoe Jesus vir ons gely het?*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Jesaja 52:13-53:12*

My dienaar sal voorspoedig wees. Hy sal hoog in aansien wees, hy sal baie eer ontvang. 14 Baie mense was ontsteld oor hom, hy was so misvormd dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie. 15 Maar hy gaan baie nasies laat opspring van verbasing. Konings sal sprakeloos wees oor hom, want hulle sal iets sien wat nie aan hulle vertel is nie, hulle sal iets te wete kom wat hulle nog nooit gehoor het nie. ¡1 Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien? 2 Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. 3 Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. 4 Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. 5 Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom. 6 Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom. 7 Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. 8 Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk. 9 Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie. 10 Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik. 11 Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra. 12 Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het.

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

**SOAP** / *Jesaja 53:5*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

## SOAP

*Jesaja 53:5*

*Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.*

## OORDENKING

Die Boek Jesaja was ‘n profetiese boodskap van oordeel en herstel vir God se volk. Waar God Jesaja gebruik het om sy volk teen komende oordeel te waarsku, het Hy ook toekomstige herstel en hoop beloof. Die gedeelte wat ons vandag lees, is midde-in God se beloftes van herstel. Ofskoon God sy volk sou straf deur toe te laat dat hulle oorval en in ballingskap weggevoer word, het Hy ook belowe om hulle volkome te herstel.

Daar te midde van God se belofte dat Hy Israel sal herstel, verkondig Hy dat Hy sy dienskneg sou stuur wat die sondes van sy volk sou kom dra om hulle te verlos. Hierdie dienaar van God sou egter baie ly om verlossing aan ander te bring.

Hy sou verag en verstoot word, en pyn en siekte ken. Hy sou gewond word, soos ‘n lam na die slagplek gelei word. Hy sou onregverdig verhoor word en saam met misdadigers doodgemaak word al het Hy niks verkeerd gedoen nie. Hy sou baie ly en as gevolg van sy lyding sou Hy baie vryspreek en namens hulle by God intree.

God se beloftes is waar en goed, maar die pad na die vervulling van die belofte is dikwels vol pyn en lyding. Dit was die geval met Jesus, want Hy het gely sodat ons ‘n verhouding met Hom kan hê en van sonde en dood vrygemaak word. Sy lyding was deel van God se belofte.

Ons ly dikwels terwyl ons wag op die vervulling van God se beloftes. Ons wag dalk vir genesing, herstel of vrede, maar terwyl ons wag op sy antwoord, kan ons pyn verduur. Ons is nie alleen in ons lyding nie, maak nie saak wat ons in die gesig staar nie. Jesus het vir ons gely sodat ons nooit alleen in ons pyn en lyding sou wees nie. Hy is die vervulling van al God se beloftes. Mag ons Hom loof en in ons daaglikse stryd en pyn ons krag en vertroosting by Hom soek.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Psalm 22:2*

My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?

*Matteus 26:55-56*

Dit was toe dat Jesus vir die klomp mense gesê het: “Was dit vir julle nodig om met swaarde en stokke uit te gaan om My te vang asof Ek ‘n rower is? Dag vir dag het Ek in die tempel gesit en die mense geleer, en julle het My nie gevange geneem nie. 56 Maar dit alles het gebeur sodat die geskrifte van die profete vervul kan word.” Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop.

*Matteus 27:46*

Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

*2 Korintiërs 5:21*

Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP /** *2 Korintiërs 5:21*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP**

*2 Korintiërs 5:21*

*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.*

**OORDENKING**

Hierdie week, terwyl ons na Jesus, die Lydende Dienaar kyk, sien ons al die maniere waarop Hy lyding verduur het ter wille van ons verlossing. Ons rebellie het Hom aansienlike lyding veroorsaak toe Hy die straf vir ons sondes betaal het. Hy het nie net fisiese lyding in die gesig gestaar nie, maar sosiale verwerping, verlating in sy verhoudings asook sielkundige nood.

Toe Jesus voor sy gevangenisneming in die tuin was, het die wagte met swaarde en stokke op Hom afgekom. Hulle het met groot krag na Hom gekom en verwag dat Hy sou terugveg. Hulle het Hom so verag dat hulle bereid was om Jesus te slaan om Hom gevange te neem. Wat meer is, op daardie oomblik het al sy dissipels van Hom af gevlug. Nie een van die mense wat Hom vir jare noukeurig gevolg het, het by Hom bly staan in sy oomblik van nood nie.

Selfs erger as dit alles, terwyl Jesus aan die kruis gehang het, het Hy die volle gewig van ons sonde ervaar. Hy het tot God geroep en gesê: "Waarom het U my verlaat?" Nie net is Jesus deur sy vriende en volgelinge verlaat nie, maar omdat Hy sonde gemaak was, kon God die Vader, die Heilige, nie meer na Hom kyk nie. Jesus was totaal alleen toe Hy aan daardie kruis gehang het.

Eeue vroeër het Dawid dieselfde klaaglied geskryf. Hy het na God geroep en gesê: "Waarom het U my verlaat?" God het Dawid nie verlaat nie, al het Hy pyn ervaar en gevoel asof Hy in die steek gelaat is. Maar Jesus het wel die volle toorn van God ervaar, die volle pyn om deur God versaak en verlaat te word as gevolg van sonde. Hy het daardie pyn verduur, pyn wat ons nooit kan peil of ervaar nie.

Jesus se pyn het 'n doel gehad. Sy volmaakte, sondelose lewe was die enigste aanvaarbare offer vir die skuld wat ons sonde veroorsaak het. Hy het ons sonde en die volle toorn van God op Hom geneem en ons sy geregtigheid gegee. As gevolg van sy pyn is ons nuut gemaak. As gevolg van sy lyding is ons vergewe. Omdat Hy verlaat was, word ons aanvaar.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Levitikus 16*

Aäron se twee seuns het gesterf toe hulle 'n offer aan die Here wou bring, en
na aanleiding daarvan het die Here vir Moses 'n opdrag gegee. 2 Hy het vir
Moses gesê: "Sê vir jou broer Aäron hy mag nooit sommer in die heiligdom agter
die voorhangsel ingaan na die deksel van die verbondsark toe nie. Ek verskyn
telkens in 'n wolk bokant die deksel van die ark en as Aäron sommer ingaan,
sal hy sterwe. 3 Voordat hy in die Allerheiligste ingaan, moet hy 'n jong bul as
sondeoffer bring en 'n ram as brandoffer. 4 Verder moet hy die gewyde klere van
'n gewone priester aanhê oor 'n broek en hy moet 'n serp om sy lyf en 'n tulband
op sy kop hê. Dit moet alles gewyde linneklere wees. Hy moet hom was voor hy
dit aantrek. 5 Van die gemeente Israel moet hy twee bokramme as sondeoffer kry
en een skaapram as brandoffer. 6 Hy offer dan eers die bul wat vir homself bedoel
is as sondeoffer, sodat hy versoening kan doen vir homself en al die priesters. 7
Daarna bring hy die twee bokke na die ingang van die tent van ontmoeting toe in
die teenwoordigheid van die Here. 8 Hier moet Aäron lootjies trek oor die bokke.
Die een lootjie moet gemerk wees 'vir die Here' en die ander een 'vir Asasel'. 9
Aäron moet die bok wat vir die Here geloot word, as 'n sondeoffer offer. 10 Die
bok wat vir Asasel geloot is, moet bly lewe. Die bok moet in die teenwoordigheid
van die Here bly staan sodat Aäron die versoeningshandeling daarop kan verrig,
en daarna moet die bok die woestyn in gestuur word vir Asasel. 11 "Wanneer
Aäron die sondeofferbul offer wat vir homself bedoel is en waarmee hy vir hom
en al die priesters versoening doen, moet hy die bul slag 12 en moet hy 'n vuurpan
vol maak met gloeiende kole van die altaar af wat in die teenwoordigheid van
die Here staan. Aäron moet ook 'n dubbele handvol fyngestampte wierook vat
en daarmee agter die voorhangsel ingaan. 13 Daar in die teenwoordigheid van
die Here moet hy dan die wierook op die kole gooi sodat dit 'n rookwolk maak
wat die deksel van die ark bedek waarin die getuienis is. Dan sal hy nie sterf
nie. 14 Hy moet daarna van die bloed van die bul met sy vinger sprinkel op die
deksel se voorkant en dan ook nog sewe maal op die grond voor die deksel. 15
Wanneer Aäron die bokram slag wat as sondeoffer vir die volk bedoel is, moet hy
met die bloed agter die voorhangsel ingaan en daarmee doen soos hy gedoen het
met die bul se bloed. Hy moet dit sprinkel op die deksel en voor die deksel. 16
So moet hy die Allerheiligste reinig van die onreinhede van die Israeliete, van
hulle oortredinge en al hulle sondes. Hy moet die tent van ontmoeting ook op
dieselfde manier reinig, want dit staan by die volk met al hulle onreinheid. 17
Niemand anders mag in die tent van ontmoeting wees vandat Aäron ingaan om
in die heiligdom versoening te doen totdat hy uitgaan nie: hy doen versoening
vir homself, die priesters en die hele gemeente Israel. 18 Daarna moet Aäron
uitgaan na die altaar toe in die teenwoordigheid van die Here en dit reinig: hy
moet van die bloed van die bul en die bokram rondom al die horings van die
altaar smeer 19 en met sy vinger van die bloed sewe keer op die altaar sprinkel.
So moet hy die altaar reinig van die onreinheid van die Israeliete en dit wy. 20
"Nadat Aäron die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar gereinig
het, moet hy die lewende bok nader bring. 21 Terwyl hy dan sy twee hande op
die kop van die bok lê, moet hy ál die oortredinge en opstandigheid, al die sondes

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

van die Israeliete daar bo-oor die bok bely. Sodoende sal hy die sonde op die kop van die bok oordra. Iemand wat beskikbaar is, moet dan die bok die woestyn injaag. 22 So sal die bok al hulle sonde met hom saamdra na 'n onherbergsame streek toe en daar in die woestyn moet hy agtergelaat word. 23 "Ääron moet dan in die tent van ontmoeting ingaan en sy linneklere waarmee hy in die Allerheiligste ingegaan het, uittrek en dit daar neersit. 24 Hy moet hom op 'n gewyde plek gaan was en sy hoëpriesterlike klere aantrek. Dan moet hy uitgaan en die brandoffer vir die versoening van sy eie sonde bring, asook die brandoffer vir die versoening van die sonde van die volk. 25 Hy moet ook die vet van die sondeoffer op die altaar verbrand. 26 Die man wat die bok na Asasel toe gejaag het, moet sy klere en homself was voordat hy na die kamp toe terugkom. 27 Die sondeofferbul en die sondeofferbok waarvan die bloed gebruik is om versoening te doen in die Allerheiligste, moet buite die kampplek verbrand word, velle, vleis, pensmis en al. 28 Die man wat dit verbrand het, moet eers sy klere en homself was voordat hy na die kamp toe terugkom. 29 Julle moet dit as 'n vaste instelling handhaaf dat julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge wat by julle woon, moet vas en alle werk moet staak op die tiende dag van die sewende maand, 30 want op dié dag moet daar vir julle versoening gedoen word sodat julle rein kan wees. Julle moet in die teenwoordigheid van die Here gereinig word van al julle sonde. 31 Dit moet 'n plegtige rusdag wees, 'n dag waarop julle vas, 'n vaste instelling. 32 Die priester wat gesalf is en in die plek van sy vader as hoëpriester georden is, moet die versoening doen. Hy moet die gewyde linneklere aantrek, 33 die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar reinig en versoening doen vir die priesters en die hele gemeente. 34 Die versoening vir die sonde van die Israeliete moet 'n vaste instelling wees. Dit moet elke jaar plaasvind." Ääron het toe gedoen wat die Here vir Moses beveel het.

### *Hebreërs 10:1-12*

Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vrymaak nie. 2 As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. 3 Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, 4 omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. 5 Daarom sê Christus met sy koms in die wêreld: "Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het. 6 Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie! 7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe." 8 Eers sê Hy: "Diereoffers en graanoffers, brandoffers en sondeoffers wou U nie hê nie en het U nie behaag nie," hoewel hierdie offers deur die wet voorgeskryf word. 9 Daarna sê Hy: "Kyk, Ek het gekom om u wil te doen." Hy skaf dus die eerste offers af om 'n ander offer in die plek daarvan te stel. 10 Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd. 11 Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie. 12 Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.

**S O A P**

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP** / *Hebreërs 10:10–12*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

### SOAP

*Hebreërs 10:10–12*

*Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd. Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie. Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.*

### OORDENKING

God het die volk Israel as sy eie afgesonder. Sodoende het God vir die mense 'n baie spesifieke stel wette gegee om te volg. Die mense moes gereeld diere as offers vir hul sondes bring. Dit was 'n herinnering dat die gevolg van sonde die dood is.

Elke jaar sou die hoëpriester deur 'n spesifieke stel rituele gaan om die tempel, homself en die diere wat opsy gesit is om geoffer te word, te reinig en te suiwer. Die sondes van die mense is seremonieel na die dier oorgedra, en die dier is geslag as betaling vir die mense se sondes. Hierdie offers, wat jaar na jaar gemaak is, kon nooit die mense se sondes bedek nie. In plaas daarvan was hulle 'n simbool en 'n belofte van 'n volmaakte offer wat sou kom.

Jesus is daardie volmaakte offer. Anders as die ander hoëpriesters in Israel, het Hy nie nodig gehad om Homself van sonde te reinig nie. Daarom, in plaas daarvan om sy sonde oor te dra op 'n dier om geslag te word, het Hy ons sondes op Homself geneem. Hy het Homself as 'n offer gebring en niemand nodig gehad om tussen Hom en God te staan nie, want Hy was die volmaakte, sondelose offer. Omdat Jesus ewig is, bedek die offer wat Hy gebring het ons vir ewig, anders as die jaarlikse offers wat die Israeliete gemaak het.

Dit is die Goeie Nuus van die evangelie! Alhoewel ons nie diere-offers maak soos die Israeliete dit gedoen het nie, probeer ons dikwels om op ons eie manier offers aan God te bring. Ons probeer om God te behaag en op te maak vir ons sondes deur 'goeie werke' te doen, soos om kerk toe te gaan, ons Bybel te lees of te bid. In plaas daarvan om op Jesus se offer te vertrou om ons te red, kan ons verval daarin om te glo dat ons ons werke nodig het om ons te red.

Sy offer was genoeg. Dit sal altyd genoeg wees. Daar is niks wat ons kan doen wat ons in 'n regte posisie met God sal bring of dat Hy op een of ander manier vir ons meer sal liefhê nie. Hy onthou nie meer ons sondes nie, want Hy het ons deur sy eie heiligheid vervolmaak. Jesus is die volmaakte offer!

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Jesaja 53:4*

Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.

*Matteus 8:14-17*

Toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy Petrus se skoonmoeder siek lê met
‘n hoë koors. 15 Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat. Sy het
opgestaan en Hom bedien. 16 Toe dit aand word, het hulle baie wat in die mag
van bose geeste was, vir Hom gebring. Hy het die geeste met ‘n woord uitgedryf
en al die siekes gesond gemaak. 17 So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is:
“Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.”

*Johannes 9:1-7*

Terwyl Jesus wegstap, sien Hy ‘n man wat van sy geboorte af blind was. 2 Sy
dissipels vra Hom toe: “Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind
gebore is: sy eie of sy ouers s’n?” 3 En Jesus antwoord: “Dit is nie deur sy eie
sonde nie en ook nie deur sy ouers s’n nie, maar hy is blind sodat die werke wat
God doen, in hom gesien sal kan word. 4 So lank as dit nog dag is, moet ons die
werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer niemand kan
werk nie. 5 Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.” 6 Nadat Hy
dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg ‘n bietjie klei aan.
Toe smeer Hy die klei aan die man se oë 7 en sê vir hom: “Gaan was jou in die
Siloambad.” Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas,
en toe hy terugkom, kon hy sien.

*2 Korintiërs 12:9-10*

Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle
werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem,
sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. 10 Daarom is ek bly oor
swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van
Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

**SOAP**

*Week 2 • Donderdag*

SOAP / *Jesaja 53:4*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

### SOAP

*Jesaja 53:4*

*Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.*

### OORDENKING

Toe die profeet Jesaja die Lydende Dienaar beskryf het, het hy 'n Messias beskryf wat redding vir alle mense moontlik sou maak deur hulle lyding op Hom te neem. Ons het gister in ons teksvers gesien hoe Jesus ons sonde op Hom geneem het en ons van die lyding van die dood bevry het. Hy het gesterf sodat ons sondes vergewe sou word.

Maar wat van ons aardse lyding? Ons het almal al hartseer, siekte, verlies, verraad en verlating ervaar. Dit kan aanloklik wees om te glo dat hierdie pynlike omstandighede die gevolg is van ons sonde. Dit was 'n algemene geloof in Jesus se tyd, waar mense geglo het dat hulle siekte die gevolg was van óf hul eie sonde óf hul ouers se sonde.

Jesus wys vir ons dit is nie die geval nie. Hy het 'n blinde man genees om die krag en liefde van God te openbaar. 'n Ander keer het Jesus koors van 'n vrou weggeneem en toe baie duiwelbesete en siek mense genees. Hierdie dade van genesing het vervul wat Jesaja gesê het, dat die Messias ons siektes op Hom sou neem en ons pyn sou dra.

Dieselfde God wat siektes genees het en die pyn van sy volk gedra het, is die God wat ons vandag dien. Hy neem dalk nie ons fisiese lyding weg terwyl ons op hierdie aarde lewe nie, maar ons kan vol vertroue wees dat Hy 'n doel het met ons pyn.

Die man wat blind gebore is se siekte het eer aan God gebring, en baie het as gevolg daarvan in Jesus geglo. God doen dieselfde vir ons. Ons kan dit dalk nie vandag sien nie, maar Jesus gebruik ons pyn vir sy eer. Hy het 'n groter plan. En, te midde daarvan, dra Hy ons pyn vir ons. Ons sal pyn en lyding ervaar, maar ons kan rus in die wete dat Hy dit werklik saam met ons en vir ons dra.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Job 19:25*

Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!

*Lukas 24:1-10*

Die Sondagmôre baie vroeg het die vroue na die graf toe gegaan met die reukolie wat
hulle reggemaak het. 2 Daar kry hulle die klip weggerol van die ingang van die graf af; 3
en toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie. 4 Hulle het nie
geweet wat om daarvan te dink nie. Meteens staan daar by hulle twee manne met blink
klere aan. 5 Die vroue het groot geskrik en met hulle gesig na die grond toe gebuig. Toe sê
die manne vir hulle: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies? 6 Hy is nie hier nie.
Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea
was 7 en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige
mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan." 8 Toe het hulle sy woorde onthou 9
en van die graf af teruggegaan en al hierdie dinge vir die elf en al die ander vertel. 10 Die
vroue was Maria Magdalena en Johanna en Maria die ma van Jakobus. Ook die ander
vroue saam met hulle het dieselfde dinge aan die apostels vertel.

*Jesaja 26:19*

Dié uit u volk wat gesterf het, sal weer lewe, Here, hulle sal opstaan. Word wakker en juig, julle wat in die doderyk is! Soos die dou lewe gee, gee u krag lewe, Here, die aarde sal hulle wat lankal gesterf het, lewend teruggee.

*Johannes 5:24-29*

"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het,
het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe
oorgegaan. 25 Ek verseker julle: Daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die dooies die
stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe. 26 Soos die
Vader die lewe in Homself het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself
te hê. 27 Hy het Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens
is. 28 Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte
is, sy stem sal hoor 29 en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en
dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word."

*1 Korintiërs 15:20-26*

Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. 21
Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur
'n mens gekom. 22 Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal
in Christus lewend gemaak word. 23 Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus,
daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. 24 Daarna kom die einde,
wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en
krag vernietig het. 25 Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom
onderwerp het. 26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

# SOAP

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Job 19:25*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

### SOAP

*Job 19:25*

*Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!*

### OORDENKING

Deurgaans in die geskiedenis van God se volk het Hy vir hulle die belofte van opstanding gegee. Ons vind hierdie belofte so vroeg as die verhaal van Job, wat vermoedelik rondom dieselfde tyd as Abraham geleef het. Job was nie deel van die volk van Israel nie, maar hy het dwarsdeur sy lewe getrou saam met God gewandel, selfs toe hy met ondenkbare tragedie gekonfronteer is. Job het geweet en het met oortuiging geglo dat sy Verlosser eendag sou kom en die dood oorwin, vir eens en vir altyd.

Die res van die Skrif dui daarop dat hierdie Verlosser Jesus Christus is. Jesus se opstanding was nie die enigste opstanding wat in die Bybel opgeteken is nie, maar dit is die enigste opstanding in 'n hemelse liggaam. Ander wat uit die dood opgewek is, het uiteindelik weer gesterf (Lasarus, die weduwee se seun, ens.). Maar Jesus se opstanding was volkome en finaal. Hy is opgewek en leef vir ewig. Sy opstanding bewys sy mag oor die dood en sonde.

Nie net is Jesus uit die dood opgewek nie, maar Hy belowe ook 'n opstanding vir diegene wat in Hom glo. Die profeet Jesaja het gepraat van God se belofte om die dooies weer lewend te maak, en Jesus het ook beloof dat die dooies weer sou leef. God het aan sy Seun die gesag gegee om die dooies op te wek, en eendag sal Hy diegene wat in Hom glo, roep, en die dooies sal opgewek word.

Die mag van die opstanding behoort alleenlik aan God. Net Hy het die mag oor die sonde en die dood. Omdat Jesus uit die dood opgewek is, sal ons ook liggaamlike opstanding ervaar. Die opstanding van Christus gaan ons vooruit, om die weg vir ons liggaamlike opstanding in die ewigheid voor te berei.

Christus was eerste wat uit die dood opgewek is. Ons kan glo dat God sy opstandingswerk sal voortsit, want Christus is opgewek. Deur Adam het ons die dood verdien en geërf, maar in Christus word ons opgewek en weer lewend gemaak. Hy het reeds die laaste vyand oorwin, en eendag sal ons saam met Hom in oorwinning staan.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Jesus het vir ons gely sodat ons nooit alleen in ons pyn en lyding sou wees nie. Watter lyding ervaar jy op die oomblik? Hoe het jy gesien hoe Jesus saam met jou wandel in hierdie seisoen?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

2. *Waarom is dit betekenisvol dat Jesus deur sy volgelinge verlaat is? Waarom is dit betekenisvol dat Jesus deur God verlaat is toe Hy aan die kruis gehang het?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

3. *Is daar areas in jou lewe waar jy jou redding deur werke probeer verdien? Hoe bied Hebreërs 10:10–12 jou vertroosting wanneer dit ons herinner dat ons verlossing uit genade alleen is?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

4. *Is lyding 'n gevolg van sonde? Hoekom of hoekom nie?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

5. *Waarom gee die opstanding van Christus ons die versekering dat ons ook die opstanding sal ervaar nadat ons gesterf het?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

*"Hy sal groot wees
en die Seun van die
Allerhoogste genoem
word. Die Here God
sal Hom die troon
van sy voorvader
Dawid gee, en Hy
sal as koning oor
die nageslag van
Jakob heers tot in
ewigheid. Aan sy
koningskap sal daar
geen einde wees nie."*

*Lukas 1:32–33*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Jesus is die beloofde Messias! Hy is verhewe as gevolg van wie Hy is en wat Hy gedoen het. Sy lewe, dood en opstanding gee ons ewige sekuriteit en die hoop op sy wederkoms. Kyk na sommige van die beloftes wat ons tot dusver bestudeer het en spandeer tyd om God te dank vir 'n paar spesifieke beloftes wat tot jou hart spreek.*

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Psalm 23*

'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. 2 Hy laat my
rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. 3 Hy gee my
nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam. 4 Selfs al gaan
ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is
ek veilig. 5 U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid. 6 U goedheid en
liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot
in lengte van dae.

*Lukas 15:3-7*

Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis: 4 "Sê nou een van julle het honderd
skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig
in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry. 5 En
as hy hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. 6 As hy by die huis kom, roep
hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek
het my skaap wat weg was, weer gekry.' 7 Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in
die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en
negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie."

*Johannes 10:11*

"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *Johannes 10:11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

### SOAP

*Johannes 10:11*

*"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."*

### OORDENKING

Dawid het van God as sy Goeie Herder gepraat, die een wat hom na stille waters en groen weivelde sou lei en hom veilig hou. Alhoewel Psalm 23 nie as 'n tipies Messiaanse Psalm beskou word nie, was die Jode wat in die tyd van Jesus geleef het baie bekend met hierdie psalm en die betekenis daarvan. Hulle was ook bekend met die werk van herderskap, aangesien dit 'n algemene beroep in Israel was, en steeds is.

'n Herder pas skape op. Die herder beskerm die skape teen die dood en hou hulle weg van roofdiere. Die herder lei die skape na oorvloedige lewe, lei hulle na goeie weivelde waar hul gevoed kan word. Hy roep die skape en die skape luister, want hulle ken die herder. Op enige tydstip is die herder bereid om sy lewe neer te lê vir die skape, want om homself prys te gee, kan die skape red.

Tydens sy bediening, het Jesus Homself die Goeie Herder genoem. Hy beskerm sy skape teen die dood. Hy lei sy skape na oorvloedige lewe, gee vir hul wat hul nodig het, en onderhou lewe. Jesus het Homself prysgegee vir sy skape, in hul plek gesterf sodat hulle oorvloedige lewe, 'n ewige lewe saam met God, sou hê.

Jesus het gekom om dié wat verlore is te soek en te red. Soos 'n goeie herder agter sy verlore skape aan gaan, het Jesus gekom om die verlore skape, diegene wat Hom nie gevolg het nie, te soek. Sy doel was nie om mag of roem te verwerf nie, maar om diegene te vind wat verlore was en 'n Verlosser nodig gehad het. Die godsdienstige leiers het Hom verwerp, maar diegene wat nie normaalweg as regverdig geag sou word nie, soos bedelaars en tollenaars, was dié wat ware geloof getoon en verlossing ontvang het.

Jesus het Homself die Goeie Herder genoem en vir ons gewys hoe Hy die Een is wat vir ons omgee soos Dawid beskryf het. Hy is in staat om te beskerm, te voorsien en vir sy skape te sorg. Hy is die Een wat agter sy skape aan gaan, maak nie saak hoe ver hulle geval of van Hom af weggedwaal het nie.

Hy is die Goeie Herder, wat omgee en sy skape oppas. Hy is die vervulling van God se belofte om vir sy volk te voorsien en hulle te beskerm. Soos Dawid op sy Goeie Herder staatgemaak het, kan ons ook op Jesus staatmaak vir alles wat ons nodig het.

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

*Jesaja 9:6*

Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.

*Sagaria 9:9*

Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.

*Lukas 1:32-33*

Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 33 en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie."

*Matteus 2:1-2*

Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom 2 en gevra: "Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys."

*Johannes 12:12-13*

Die volgende dag het die groot menigte mense wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. 13 Hulle het palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en uitgeroep: "Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!" en: "Die Koning van Israel!"

*Matteus 27:37*

Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: "Dit is Jesus, die koning van die Jode."

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Lukas 1:32–33*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

### SOAP

*Lukas 1:32–33*

*"Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie."*

### OORDENKING

God het belowe om 'n Messias te stuur. Hierdie Messias sou nie net sy volk red en verlos nie, maar Hy sou ook regeer. Toe God die Israelitiese volk opgerig het, het Hy hul afgesonder. Hulle sou nie 'n koning hê nie, want God was hul koning. Die mense het egter gerebelleer en wou soos al die ander volke wees, en toe het God vir hulle 'n koning gegee.

Maar wat die Israeliete misgekyk het in hul versoek aan God vir 'n aardse koning was dat Hy genoeg was. God het reeds planne gehad om sy volk van 'n Koning te voorsien, maar hulle moes wag vir sy koms. Hierdie Koning sou red en verlos, met regverdigheid en genade regeer, en sy volk vir ewig bewaar en beskerm. Alhoewel God vir die Israeliete gegee het waarvoor hul gevra het, was baie konings van Israel en Juda boos en hulle het die mense weg van God af gelei.

God het 'n Koning belowe wat anders sou wees. Alhoewel die mense God as hul koning geweier het, het God se plan bly staan. Hy het belowe om sy uitverkore Koning te stuur om te heers en te regeer, en om 'n ewige koninkryk te vestig. Hierdie Koning wat sou kom was Jesus, en Hy was die vervulling van God se plan en belofte. God sou weer die Koning van sy mense wees deur sy Seun, en Hy sou sy belofte nakom om sy volk te verlos.

Toe die engel aan Maria verskyn het, het hy vir haar gesê dat haar seun, wat deur die Heilige Gees verwek is, die beloofde Koning sou wees. Jesus het die profesieë oor die Koning vervul, ook om in Betlehem gebore te word en Jerusalem op 'n donkie binne te gaan. Sommige mense het Jesus as hierdie beloofde Koning erken, insluitend heidense wyse manne en soldate wat Hom gekruisig het, maar ander het Hom as die Koning verwerp en geweier om te glo dat Hy hul beloofde verlosser was.

Ongeag of die wêreld Jesus as die Koning erken of nie, bly Hy die Koning. Hy is die Seun van die Allerhoogste God, en Hy sit op die troon, ook vandag. Hy is die Een wat sy volk verlos en red. Hy is die Een wat die wêreld regeer met regverdigheid en genade. Hy is die Een wat sy volk vir ewig beskerm en bewaar. Mag ons Hom elke dag as ons Koning aanbid en vereer.

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*Genesis 12:3*

"Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."

*Genesis 22:18*

"In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam."

*Psalm 72:17*

Mag die koning se naam altyd onthou word, mag sy roem duur so lank as die son daar is, sodat al die nasies hulle in sy regering verlustig en hom prys!

*Galasiërs 3:6-16*

So was dit ook met Abraham: "Hy het in God geglo, en God het hom
vrygespreek." 7 Julle sien dus dat dié wat glo, kinders van Abraham is. 8
Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie,
sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie
nuus vir Abraham gebring: "In jou sal al die nasies geseën word." 9 Dit
is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word. 10
Maar almal wat staatmaak op die onderhouding van die wet, val onder
die vloek, want daar staan geskrywe: "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie
stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie." 11
En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie, is
duidelik, want "hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."
12 By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad,
want daar staan: "Hy wat dóén wat die wet sê, sal daardeur lewe." 13
Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in
ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek
is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." 14 Daardeur kan ook hulle wat
nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan
Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang
wat God beloof het. 15 Broers, ek gaan nou 'n voorbeeld uit die gewone
lewe neem. As 'n testament, wat maar net mensewerk is, eers geldig is,
kan niemand dit ongeldig maak of iets daaraan toevoeg nie. 16 God het
sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan
nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een,
en hierdie nakomeling is Christus.

## SOAP

*Week 3 • Woensdag*

SOAP / *Galasiërs 3:8–9*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

### SOAP

*Galasiërs 3:8–9*

*Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: "In jou sal al die nasies geseën word." Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word.*

### OORDENKING

Ongeveer tweeduisend jaar voor die geboorte van Christus het God 'n belofte gemaak aan 'n man wat geen kinders gehad het nie. God het belowe om vir hierdie man 'n nasaat te gee, en nie net een nasaat nie, maar so baie nasate dat hulle soos die sterre in die hemel sou wees. God het belowe om al die nasies van die wêreld deur hierdie man te seën.

Uiteindelik het hierdie man, Abraham, wel kinders gehad en sy gesin het voortgegaan. Jakob, Abraham se kleinseun, is hierdie selfde belofte gegee. God het vir Jakob verseker dat hy 'n groot nageslag sou hê, net soos Hy aan Abraham belowe het.

Jakob, ook genoem Israel, het die vader van 'n nasie geword. Hierdie volk Israel is deur God afgesonder om sy liefde aan die wêreld te wys. Alhoewel hulle keer op keer gefaal het, was God getrou. Hy het voortgegaan om die belofte te hou wat Hy aan Abraham en Jakob gemaak het, en Hy het hulle nageslag bewaar sodat hulle 'n seën vir die wêreld sou wees.

God se mense het geweet wat Hy belowe het. Hulle het ook verstaan dat een spesifieke afstammeling van Abraham die Een sou wees wat alle nasies sou seën. Hulle het gewag op hierdie Messias, hierdie beloofde verlosser wat alle volke sou seën.

Abraham is deur God as regverdig beskou as gevolg van sy geloof. Vandag word ons ook deur God regverdig gereken vanweë ons geloof. Terwyl Abraham se geloof in die belofte van 'n Messias was, is ons geloof in die voltooide werk van die Messias, Jesus Christus. God het die seën van regverdigmaking deur geloof uitgebrei na die heidene, diegene buite die volk Israel, maar ons word nog steeds geregverdig uit genade deur geloof. Deur in Jesus te glo en in wat Hy vir ons gedoen het, erf ons ook die belofte wat God aan Abraham gegee het. Ons geniet die seën om ingesluit te wees in God se uitverkore gesin wanneer ons ons geloof in Christus plaas. Dit maak nie meer saak wat ons afkoms of nasionaliteit mag wees nie; al wat saak maak, is ons geloof.

## LEES

*Week 3 • Donderdag*

*Psalm 68:19-21*

U het krygsgevangenes weggevoer, mense het vir U geskenke gebring, selfs dié wat teen U in opstand was. Toe het U opgegaan na die hoogte om daar te woon, Here God! 20 Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp! Sela 21 God is vir ons die God wat ons red, die Here ons God deur wie ons bewaar word in doodsgevaar.

*Lukas 24:50-53*

Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. 51 Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. 52 Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan. 53 Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.

*Efesiërs 4:8-10*

Daarom sê die Skrif: "Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee." 9 Hierdie uitdrukking: "Hy het opgevaar", veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. 10 Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.

*Hebreërs 1:3*

Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP** / *Efesiërs 4:10*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

### SOAP

*Efesiërs 4:10*

*Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.*

### OORDENKING

Jesus het aarde toe gekom vir ‘n baie spesifieke doel. Ons vier sy eerste koms in hierdie seisoen van Advent. Ons het ‘n maand van die jaar opsy gesit om die afwagting te herdenk wat God se mense al daardie honderde en duisende jare ervaar het terwyl hulle op die beloofde Messias gewag het.

Met die wete dat die Messias reeds een keer gekom het, wag ons met verwagting op sy wederkoms. Jesus se eerste koms was om ons van sonde en dood te red. Sy volmaakte lewe en offerdood het die prys betaal wat ons vir ons sonde verskuldig was. Maar Hy het in ons plek gesterf sodat ons nooit geestelike dood en skeiding van God sou hoef te ervaar as ons ons geloof in Hom plaas nie.

Psalm 68 beskryf hoe die Messias nie net ons laste dra en ons verlos nie, maar dat Hy ook sou opvaar na die hemel. Die hemelvaart kan dikwels soos ‘n nagedagte voel in die gebeure rondom die opstanding, maar dit is ‘n deurslaggewende deel van God se belofte.

Deur vir ons sonde te sterf, het Jesus na wat “laer” is neergedaal, soos Paulus sê in Efesiërs 4. Daar is ‘n handvol gedeeltes wat bespreek wat gebeur het in die dae tussen Jesus se dood en opstanding, en geleerdes het die betekenis van hierdie gedeeltes vir eeue gedebatteer. Wat ons egter weet waar is, is dat Jesus in werklikheid die sonde en die dood oorwin het. Jesus het die diepte van lyding en pyn ervaar wat voortspruit uit die feit dat Hy deur God verlaat is, die lyding en pyn wat ons verdien as gevolg van ons sonde.

Jesus het neergedaal, maar toe het Hy ook, na sy opstanding, opgevaar na die regterhand van God. Hy het God se voornemens bereik, en Hy het opgevaar na die hemel na sy troon. Dit is waar Hy bly, nadat Hy sonde en dood heeltemal oorwin het, totdat Hy terugkom om ons te neem om vir ewig by Hom te wees.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Hebreërs 9:27-28*

'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. 28 So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.

*Matteus 24:30-31*

"Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit. 31 Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af."

*Johannes 14:1-3*

"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. 2 In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. 3 En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Johannes 14:1–3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

### SOAP

*Johannes 14:1–3*

*"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

### OORDENKING

God het baie beloftes aangaande die Messias gemaak en Hy het elkeen nagekom. Jesus is die verpersoonliking van God se beloftes, die fisiese manifestasie van die Woord van God. Hy het gekom en al God se beloftes oor die Messias vervul. Alles wat God belowe het is in Christus vervul.

God het belowe dat 'n boodskapper sou kom om die mense voor te berei vir die Messias en Hy het Johannes die Doper gestuur. God het belowe dat die Messias uit die huis en geslag van Dawid sou wees en Jesus se voorgeslag kan direk na Dawid herlei word. God het gesê die Messias sou uit 'n maagd gebore word en Maria was 'n maagd wat verloof was om te trou. God het sy mense laat weet dat hulle die Messias by sy naam sou herken en Jesus se naam beteken "God is Redding".

Hierdie beloofde Messias sou ook weens ons sonde ly. Hy sou deur sy eie mense verlaat, verwerp en bespot word. Jesus het pyn ervaar en die sondes van die wêreld op Hom geneem. Hy het lyding en dood ervaar sodat ons gered sou word. Jesus se offer is die ewige, blywende offer wat ons nodig het om vrygemaak te word van die straf van sonde. Hy het die laaste vyand, die dood oorwin deur uit die graf op te staan en sy krag en oorwinning te wys.

Hierdie Goeie Herder, hierdie beloofde Koning, hierdie Geskenk aan alle nasies, die Een wat neergedaal het om dood en graf te oorwin en na die troon van God opgevaar het, het vir ons 'n belofte gegee. Hy het belowe om terug te keer en omdat ons weet dat God altyd sy beloftes nakom, weet ons dat die belofte wat Jesus gemaak het om terug te kom, vervul sal word. Sy belofte is verseker. Hy het voor ons opgevaar om vir ons 'n plek voor te berei. Hy belowe om nie net terug te keer nie, maar as ons ons geloof in Hom geplaas het, om ons te neem om vir ewig by Hom te wees.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Hoe is Jesus die Goeie Herder? Wat doen Hy vir ons wat vir ons wys dat Hy ons liefhet soos 'n herder sy skape liefhet?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

2. *Baie mense wat Jesus geken het, het nie geglo dat Hy die beloofde Koning van Israel is nie. Watter bewys het ons dat Jesus wel die beloofde Koning is wat selfs vandag nog op die troon sit?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

3. *Hoe het God sy belofte nagekom dat alle nasies in Abraham se nageslag geseën sal wees? Hoe het dit jou persoonlik geraak?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

4. *Waarom is Jesus se hemelvaart na die opstanding betekenisvol? Hoe beïnvloed dit ons alledaagse geloofswandel?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

5. *Waarom moet ons Jesus se belofte om terug te keer, glo? Waarom moet ons glo dat Hy ons die ewige lewe sal gee, ons sal neem om saam met Hom in die hemel te wees, of dat Hy enige van die dinge sal doen wat Hy belowe het om te doen?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê.*

2 Korintiërs 1:20

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week se memoriseervers vertel ons dat al God se beloftes "ja" is in Hom. Ons sien die "ja" van God se beloftes deur Jesus Christus. As gevolg hiervan kan ons vol vertroue wees dat God voortgaan om al sy beloftes na te kom, selfs dié wat nog beantwoord moet word. Neem hierdie week tyd om die maniere waarop God sy beloftes in jou lewe vervul het, neer te skryf en met ander te deel.*

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*2 Korintiërs 1:19b–20*

Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê.

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *2 Korintiërs 1:19b–20*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

### SOAP

*2 Korintiërs 1:19b–20*

*Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê.*

### OORDENKING

Wat 'n vreugde is dit tog om te weet en te glo dat God sy beloftes nakom. Soos ons deur ons studie gesien het is elke belofte wat God aangaande die Messias gemaak het, in Jesus vervul. Hierdie vervulde beloftes het nie net God se verlossingsplan vir sy volk vervul nie, maar dit het ook sy volk bewus gemaak van wie die Messias was en wanneer Hy geleef het.

Gedurende hierdie seisoen van Advent fokus ons op Jesus en die beloftes wat Hy beide vervul het en beplan om te vervul en ons kan vol vertroue wees dat al die beloftes wat God vir ons deur sy Woord gee, waar is. As Hy een belofte nagekom het sal Hy al sy beloftes nakom. Hy is die beloftehoudende God en wat Hy sê Hy sal doen, sal Hy doen.

Dit beteken God se beloftes van genade en geregtigheid is waar. Sy belofte om altyd by ons te wees is waar. Sy belofte om ons sondes te vergewe is waar. Sy belofte om ons vyande te oorwin is waar. Sy belofte om in ons behoeftes te voorsien en vir ons die begeertes van ons harte te gee wanneer ons ons in Hom verlustig – dit is ook waar, maar God werk nie op ons tydlyn nie. Net soos sy mense eeue gewag het vir die beloofde Messias, het God 'n perfekte plan om sy beloftes in ons eie lewens te vervul. Ons wag dalk langer as wat ons wil vir sommige dinge, maar ons kan vol vertroue wees dat al sy beloftes "Ja" is en ons kan sê: "Amen" en eer aan God gee wanneer ons dit sien vervul word.

Terwyl ons hierdie week ons harte voorberei om Kersfees te vier sal ons kyk na die manier waarop God sy beloftes nagekom het om die geboorte van die Messias te laat plaasvind. Soos ons die Kerverhaal uit die Evangelie van Lukas lees, sal ons ook sien hoe God sy beloftes aan spesifieke mense nagekom het, mense wat hulle hele lewe lank gewag het om hierdie beloftes vervul te sien. Soos hierdie mense die vervulling van die belofte van die komende Messias ervaar het, het God ook individueel sy seën op hulle uitgestort deur aan hulle te gee wat hulle nodig gehad het en waarna hulle diep gesmag het. Terwyl ons ons harte voorberei vir Kersfees, mag ons bemoedig word deur hierdie mense wat die vervulling van God se beloftes ervaar het en mag ons met dieselfde verwagting wag dat God sy beloftes aan ons sal nakom.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*Lukas 1:1-25*

Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe
van die dinge wat onder ons gebeur het. 2 Hulle het dit opgeteken soos dit aan
ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van
die Woord was. 3 Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap
van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer
te skryf. 4 So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal
betroubaar is. 5 In die tyd van koning Herodes van Judea was daar 'n priester
met die naam Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron
afgestam, en haar naam was Elisabet. 6 Hulle was albei getrou aan die wet van
God en het onberispelik al die gebooie en voorskrifte van die Here onderhou. 7
Hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was
albei reeds op ver gevorderde leeftyd. 8 Op 'n keer toe Sagaria in die beurt van
sy diensgroep besig was om die priesterdiens voor God te verrig, 9 is hy volgens
die priesterlike gebruik deur die lot aangewys om in die tempel van die Here in
te gaan en die wierook op die altaar te brand. 10 Terwyl die wierookoffer gebring
is, was die hele volksmenigte buite besig om te bid. 11 Toe verskyn daar aan die
regterkant van die wierookaltaar 'n engel van die Here aan hom. 12 Sagaria het
geskrik toe hy hom daar sien staan en hy het baie bang geword, 13 maar die
engel sê vir hom: "Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor.
Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem. 14
Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor
sy geboorte, 15 want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal
hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees
vervul wees. 16 Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle
God. 17 En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om
vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad
terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei." 18 Toe
sê Sagaria vir die engel: "Waaraan sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my vrou is
al op ver gevorderde leeftyd." 19 Die engel antwoord hom: "Ek is Gabriël, wat in
diens van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding
vir jou te bring. 20 Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat
hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal
word, nie geglo het nie." 21 Intussen het die volk vir Sagaria gestaan en wag en
begin wonder waarom hy so lank in die tempel bly. 22 Toe hy uitkom, kon hy
nie met hulle praat nie. Hulle kom toe agter dat hy in die tempel 'n gesig gesien
het. Hy het net aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly. 23 Toe die tyd van
sy tempeldiens om was, het hy huis toe gegaan. 24 Na daardie tyd het sy vrou
Elisabet swanger geword en haar vyf maande lank afgesonder. Sy het gesê: 25
"Die Here het dit vir my gedoen. Nou het Hy na my omgesien om my smaad
onder die mense weg te neem."

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Lukas 1:25*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

### SOAP

*Lukas 1:25*

*"Die Here het dit vir my gedoen. Nou het Hy na my omgesien om my smaad onder die mense weg te neem."*

### OORDENKING

God het ‘n groot verlossingsplan. Hierdie plan het begin met die skepping en duur vandag nog voort en dit toon God se krag en soewereiniteit. Hy werk voortdurend sy plan uit en laat sy mense toe om te sien hoe Hy werk.

Aan die begin van die Evangelie van Lukas leer ons dat Johannes ‘n voorloper vir Christus was. Johannes was die profeet wat God belowe het om na sy mense te stuur om hulle harte voor te berei vir die koms van die Messias. Johannes was ‘n belofte wat deur God vervul is aan die mense van Israel en sy geboorte was die voortsetting van God se groot verlossingsplan.

Tog, te midde van God se oorkoepelende, uiters belangrike plan om verlossing aan die wêreld te bring, het Hy persoonlike verlossing aan Elisabet gebring. Uit al die vroue in Israel, het God haar gekies. Hy het haar pyn, haar smagting en haar gebroke hart gesien. God het Elisabet nie net toegelaat om deel van sy universele verlossingsplan te wees nie, maar Hy het ook haar situasie verlos.

God het omgegee vir die verlossing van al sy mense, en Hy het omgegee vir die persoonlike verlossing van hierdie een vrou en die begeerte van haar hart. Die karakter van ons God is om te genees, te sorg, te bemoedig en te herstel. Hy sorg vir elkeen van ons persoonlik, net soveel as wat Hy omgee vir die verlossing van sy volk as geheel.

God het sy belofte nagekom om ‘n Messias te stuur, en in elke deel van die verhaal het Hy genees en herstel. Deur ‘n boodskapper te stuur, het Hy die mense voorberei op die koms van Jesus en aan Elisabet en Sagaria die begeertes van hulle harte gegee. Sy groot verlossingsplan sluit elkeen van ons, elkeen van ons verhale en elkeen van ons se harte in. Hy werk altyd. Kom ons wees hierdie Adventseisoen afwagtend vir die maniere waarop Hy sy verlossende en herstellende krag sal wys, selfs in ons eie lewens en omstandighede.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Lukas 1:26-56*

In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. 27 Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28 Toe die engel by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou." 29 Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. 30 Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. 31 Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 33 en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie." 34 Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" 35 Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. 36 Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. 37 Niks is vir God onmoontlik nie." 38 Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan. 39 Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na 'n dorp in die bergstreek van Judea gegaan. 40 Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir Elisabet gegroet. 41 Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul 42 en het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot! 43 Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom? 44 Kyk, net toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my van vreugde beweeg. 45 Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!" 46 En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, 47 ek juig oor God, my Verlosser, 48 omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, 49 omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam! 50 Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan dié wat Hom eer. 51 Kragtige dade het Hy met sy arm verrig: hoogmoediges in hulle eiewaan het Hy uitmekaargejaag; 52 maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog; 53 behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur. 54 Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van ontferming 55 soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders, aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid." 56 Maria het omtrent drie maande by Elisabet gebly en daarna teruggegaan huis toe.

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *Lukas 1:46–49*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

### SOAP

*Lukas 1:46–49*

*En Maria het gesê: Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser, omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam."*

### OORDENKING

God het nie iemand van mag en status gekies om die moeder van die Seun van God te wees nie, maar eerder ‘n getroue jong meisie met ‘n gehoorsame hart. Ons weet nie veel van Maria se omstandighede nie, net dat sy verloof was. Dit het beteken dat sy waarskynlik ongeveer dertien jaar oud was, en haar gesin het gereël dat sy met ‘n man met die naam Josef trou.

Maria het swanger geword deur die Heilige Gees. Maria was ‘n maagd en was nog nie met Josef getroud nie. Volgens die Joodse wet, om swanger en ongetroud te wees, het beteken dat sy gestenig sou word. Maar Maria het geweet dat haar kind se verwekking van God af was en sy was gewillig om te doen wat God van haar gevra het.

Selfs onder sulke omstandighede het God spesiale troos vir Maria voorsien. Haar familielid Elisabet, wat al verby die ouderdom was om kinders te baar, was onverwags swanger. Gevolglik het beide vroue hul wonderwerke persoonlik en saam ervaar. Elisabet se swangerskap was ‘n ongelooflike persoonlike voorsiening van die Here vir beide haarself en Maria. God het vir Maria ‘n intieme vriendin gegee met wie sy haar vreugde, haar vrese en alles tussenin kon deel. Soos God sy verlossingsplan tot uitvoer gebring het, het Hy ook vir Maria voorsien in presies wat sy benodig het.

Maria se loflied is opgeteken in Lukas 1. Selfs al het sy nie geweet hoe die mense in haar gemeenskap sou reageer wanneer hulle van haar swangerskap te hore sou kom nie, het Maria geweet dat God weet wat Hy besig was om te doen. Sy sou die moeder van die langverwagte Christus, die Messias wees, die Een wat sy mense van hulle sonde sou red. Die geskenk wat God haar sou gee was baie beter as enige skande wat sy van haar gemeenskap sou ervaar.

Maria se loflied is ‘n uitdrukking van haar geloof in die soewereine outotireit en goedheid van God. Haar geloof moedig ons aan om God te loof, ongeag van ons omstandighede omdat sy wil en doel ver beter is as enige iets wat ons ons kan indink.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*Lukas 1:57-80*

Toe die tyd gekom het dat Elisabet se kind gebore moes word, het sy ‘n seun in
die wêreld gebring. 58 Haar bure en familie het gehoor dat die Here aan haar
groot ontferming bewys het, en hulle was saam met haar bly. 59 Op die agste
dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaria noem
na sy pa. 60 Maar sy ma het gesê: “Nee! Hy moet Johannes genoem word.” 61
Hulle sê vir haar: “Daar is niemand in jou familie wat die naam het nie!” 62 Met
gebare vra hulle toe sy pa hoe hy wil hê dat die kindjie genoem moet word. 63
Hy vra toe ‘n skryfbordjie en skryf daarop: “Johannes is sy naam.” En almal was
verbaas. 64 Onmiddellik het Sagaria sy spraak teruggekry en begin praat en God
geprys. 65 Almal wat rondom hulle gewoon het, is met ontsag vervul, en in die
hele bergstreek van Judea is daar baie gepraat oor al hierdie dinge. 66 Almal wat
dit gehoor het, het daaroor nagedink en gevra: “Wat sal hierdie kindjie eendag
word?” Dit was duidelik dat die Here by hom was. 67 Sagaria, die kindjie se
pa, is met die Heilige Gees vervul en het as profeet gesê: 68 “Lofwaardig is die
Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en vir hulle
verlossing bewerk. 69 ‘n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis
van sy dienaar Dawid. 70 So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur
die mond van sy heilige profete: 71 om ons te verlos van ons vyande en uit die
hand van al ons haters; 72 om Hom te ontferm oor ons voorvaders en sy heilige
verbond te onthou. 73 Met ‘n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader Abraham
dat Hy sou gee dat ons, 74 gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan
dien 75 in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe. 76 “En jy, kindjie,
‘n profeet van die Allerhoogste sal jy genoem word, want jy sal voor die Here
uit gaan om sy pad gereed te maak, 77 om kennis van verlossing aan sy volk
mee te deel: verlossing deur vergifnis van hulle sondes, 78 danksy die genadige
ontferming van ons God. Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op
ons afstraal, 79 om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van
die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede.” 80 Die kindjie
het opgegroei en sterk geword deur die Gees en het in die woestyn gebly tot op
die dag van sy openbare verskyning in Israel.

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

SOAP / *Lukas 1:68–71*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

### SOAP

*Lukas 1:68–71*

*"Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en vir hulle verlossing bewerk. 'n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid. So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur die mond van sy heilige profete: om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters;"*

### OORDENKING

Johannes se geboorte het 'n nogal 'n oproer veroorsaak. Sy vader was vir 'n paar maande lank stom en sy moeder was ver verby die ouderdom om 'n kind te baar. Al die bure en familie het gehoor dat God groot genade betoon het aan hierdie familie en hulle was saam met Elisabet en Sagaria verheug.

Sagaria het die wet en die woorde van die profete geken, asook wat God vir sy mense gedoen het. Hy was 'n priester, een van net 'n paar mense wat in die Heilige—die binne ruimte van die tempel waar God se teenwoordigheid was, kon ingaan. Hy was getrou en vroom, maar in die oomblik toe die engel vir hom die nuus gebring het dat Elisabet 'n seun gaan hê, het hy toegelaat dat sy ongeloof die oorhand oor hom kry.

Nogtans was die God wat die Messias en sy voorloper in die wêreld ingebring het—deur wonderbaarlike en hoogs onwaarskynlike swangerskappe—dieselfde God wat barmhartigheid en vergifnis aan Sagaria gebring het. God was nie te besig om die wêreld te red om Sagaria se spraak te herstel nie. Toe Sagaria sy seun benoem het, het hy gehoorsaamheid sowel as geloof gewys in wat God besig was om te doen en God het genade aan hom betoon.

Op daardie oomblik was Sagaria gevul met lofprysing en het hy die ongelooflike heiligheid en goedheid van God verkondig. Hy het God se goedheid en sy plan om sy volk te verlos, 'n plan wat voor sy oë besig was om te ontvou, verkondig.

Ons sal nooit tot ons in die hemel is, ten volle vry wees van smagtings, foute, skande of ongeloof nie. Maar wat ons so pragtig in Sagaria en Elisabet se lewens sien, is die manier hoe God nie net al hierdie dinge verlos nie, maar Hy gebruik dit ook tot sy glorie. Die gemeenskap rondom Sagaria en Elisabet het geweet dat hulle nie 'n kind kon hê nie, en hulle het geweet dat Sagaria vir sy ongeloof bestraf is. Toe hulle God se barmhartigheid aan hierdie familie gesien het, was hulle almal verheug.

God het ongetwyfeld vir Sagaria en Elisabet in hul jare van pyn en smagting raakgesien. Hy was genadig ten spyte van hulle foute en het beide van hulle gebruik om hulle gemeenskap aan te moedig en sy naam te verhef. Hy is vandag dieselfde God. Wat is Hy besig om in jou lewe te herstel, selfs in jou smagting en kortstondige ongeloof?

**LEES**

*Week 4 • Vrydag*

*Lukas 2:1-52*

In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling in die hele ryk gehou moet word. 2 Hierdie eerste volkstelling het plaasgevind toe Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië. 3 Almal het gegaan om hulle te laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe. 4 Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort het. 5 Maria, sy verloofde, wat swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word. 6 Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. 7 Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. 8 Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het. 9 Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. 10 Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. 11 Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! 12 En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê." 13 Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: 14 "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" 15 Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het." 16 Hulle gaan toe haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. 18 Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het. 19 Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink. 20 Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is. 21 Ag dae later, toe dit tyd was om die Kindjie te besny, het Hy die naam Jesus gekry, die naam wat deur die engel genoem is nog voordat Hy in die moederskoot ontvang is. 22 Toe die reinigingstyd soos deur die wet van Moses bepaal, vir hulle verby was, het hulle Hom na Jerusalem toe gebring om Hom tot beskikking van die Here te stel. 23 In die wet van die Here staan immers geskrywe: "Elke eersteling van die manlike geslag moet vir die Here afgesonder word." 24 Hulle het ook die reinigingsoffer gebring volgens die voorskrif in die wet van die Here, naamlik "'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe." 25 Daar het destyds 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon 26 en het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. 27 Deur die Gees gelei, het hy opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruiklike bepaling van die wet na te kom, 28 het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê: 29 "Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, 30 omdat my oë u verlossing

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

gesien het 31 wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke: 32 'n lig
tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel." 33 Sy vader en moeder
was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is. 34 Simeon het hulle geseën
en vir Maria, sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n
opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. 35 So sal
die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal
deur jou siel gaan." 36 Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit
die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na
haar man se dood 37 het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud.
Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te
vas en te bid. 38 Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en
oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien
het. 39 Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf,
het hulle na Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret. 40 Die Kindjie
het gegroei en sterk geword, en Hy was vol wysheid, en die genade van God was
op Hom. 41 Jesus se ouers het elke jaar vir die paasfees Jerusalem toe gegaan. 42
Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle weer soos gebruiklik daarheen gegaan vir
die fees. 43 En toe die feesdae verby was, het sy ouers die terugreis begin, maar
die Kind Jesus het in Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet het. 44 Omdat
hulle gedink het Hy is by die reisgeselskap, het hulle 'n dag lank gereis voordat
hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het. 45 Toe hulle Hom nie
kry nie, het hulle omgedraai na Jerusalem toe op soek na Hom. 46 Na drie dae
het hulle Hom by die tempel gekry waar Hy tussen die geleerdes sit en na hulle
luister en hulle uitvra. 47 Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en
sy antwoorde. 48 Toe sy ouers Hom sien, was hulle verslae, en sy moeder sê vir
Hom: "Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het met
angs na jou gesoek." 49 Maar Hy antwoord hulle: "Waarom het u na My gesoek?
Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?" 50 Hulle
het nie begryp wat Hy daarmee bedoel het nie. 51 Hy het toe saam met hulle
na Nasaret toe teruggegaan, en Hy was aan hulle onderdanig. Sy moeder het al
hierdie dinge in haar hart bewaar. 52 En Jesus het verstandelik en liggaamlik
gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Lukas 2:10–12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

### SOAP

*Lukas 2:10–12*

*Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê."*

### OORDENKING

Maria. Josef. Die herders. Simeon. Anna. Geen een van hierdie mense was buitengewoon nie. Nie een van hulle was heersers of mense wat groot invloed gehad het nie, maar hulle was getrou met wat God vir hulle gegee het. Maria en Josef was getrou om ouers te wees vir die Seun van God en vir Hom te sorg. Die herders was getrou om hulle kudde te versorg en snags met hulle kudde te bly. Simeon was regverdig, vroom en bedag op die Heilige Gees. Anna het God getrou elke dag in die tempel aanbid.

Die engel het goeie nuus aan die herders gebring. Die herders het oor hulle skape waggehou en hulle het groot geskrik toe die engel aan hulle verskyn het. Maar toe hulle die goeie nuus wat aan hulle gebring is, verstaan het, het hulle gegaan en Jesus aanbid.

Simeon het geduldig gewag vir die herstel van Israel. Hy het God geglo toe daar aan hom bekend gemaak is dat hy nie sal sterf voordat hy die Messias gesien het nie. Gelei deur die Heilige Gees, het Simeon Jesus herken as die beloofde Messias en hy het Hom aanbid.

Anna was 'n jong vrou toe haar man oorlede is, maar sy het haar lewe spandeer om God te loof, te bid en te vas. Sy het ook vir Jesus herken en Hom aanbid.

Jesus is die Christus, die Messias van die wêreld. Hy het gekom om verlossing aan almal te bied. Dit is nie beperk tot die elite, die rykes, die suksesvolles of die gesondes nie. Dit is nie gebonde aan geslag, ras of status nie. Jesus het gekom om verlorenes te soek en te red, en almal mag na Hom toe kom. Hy is die volle en finale vervulling van God se beloftes.

Hoewel hierdie mans en vroue wat vir Jesus eerste gesien het, erken is vir hulle getrouheid, het hulle nie hul verlossing verwerf nie. God wil graag ons getrouheid hê, maar dit is nie wat ons red nie. Hy is die Verlosser van die wêreld en ons verlossing rus op Hom alleen. Hy is getrou en dit is goeie nuus! Ons hoef nie bang te wees nie—ons kan groot vreugde vind in die beloftehoudende karakter van God, die enigste Een wat nooit faal nie!

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Wat beteken dit om te sê dat al God se beloftes "ja" is in Christus?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

2. *Waarom was dit belangrik vir God om 'n boodskapper voor die Messias te stuur? Hoe het die boodskapper Elisabet en Sagaria voorberei vir die koms van die Messias?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

3. *Lees Lukas 1:46–56. Waarom was Maria in staat om God te loof te midde van soveel onsekerheid?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

4. *God hou sy beloftes aan sy volk. Hy het Sagaria toegelaat om weer te praat, vir Elisabet die begeerte van haar hart gegee en Maria vertroosting en hulp gegee in haar tyd van nood. Wat kan Hy tans in jou lewe doen, selfs in jou smagtinge of kortstondige ongeloof?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

5. *Watter belofte wag jy vir God om in hierdie seisoen te vervul? As God sy belofte om 'n Messias te stuur kon nakom, kan Hy sekerlik sy beloftes aan jou nakom. Skryf 'n kort dankgebed aan God vir sy belofte-houdende karakter, ongeag jou omstandighede.*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd